# HOËRSKOOL STOFFBERG



## Skoolhoof se voorwoord

Terwyl jy, toekomstige Stoffie, besig is met 'n opwindende reis deur jou opvoedingslewe, wil ons jou daarop wys dat elke bladsy wat jy hier omblaai, 'n nuwe geleentheid is om te ontdek, te leer en te groei.

Ons moedig jou aan om kennis te maak met 'n nuwe wêreld wat bestaan uit interessante idees en waardevolle ervarings wat jou toekoms saam met ons sal bou.

Omhels die uitdagings van elke dag en vier jou vordering – want elke klein tree tel baie!

Glo in jouself en in jou vermoë om struikelblokke te oorkom. Met nuuskierigheid en vasberadenheid kan jy wonderlike dinge bereik. Hou dus aan om te verken, hou aan om te bevraagteken – want saam met Stoffberg gaan jy die toekoms altyd beproef, verken en oorwin.

**KOM, word deel van hierdie dinamiese uitkyk en onvoorspelbare leefwyse. Ons kan, want ons groei NOG STEEDS!**

Stoffie groete
Mnr.P.J. de Bruin

Hoërskool is 'n opwindende tyd in enige kind se lewe. 'n Kind se toekoms word gevorm met die verskillende boustene wat 'n hoërskool bied en hom of haar tot verantwoordelike leiers vorm.

Hierdie boustene voorsien jongmense van 'n toekoms wat bestaan uit sport, kultuur, akademie, sosiale aktiwiteite, lewens-verryking, jarelange vriendskappe, leierskaps-ontwikkeling en sukses. Hoërskool Stoffberg kan met een woord opgesom word: #onshuis. In 'n neutedop is dit 'n plek van vreugde en drome, 'n plek waar elke kind belangrik is en bygestaan word om net die beste prestasies te bereik.

Al hierdie boustene is belangrik vir die ontwikkeling en groei van kinders. Ons deel graag die verskillende en opwindende boustene van Hoërskool Stoffberg.

"Ek sal my skool onthou, steeds aan sy grootheid bou. Ek sal sy roem besing en aan hom hulde bring."

# SKOOLLIED

*Stoffberg is 'n hoërskool,*
*daar leer ons dink en werk en speel,*
*daar kry ons elkeen ruim sy deel*
*van kennis om sy plig te doen.*
*Ons strewe na die ideaal...*
*om net die hoogste sport te haal.*

*Koor:*

*Ek sal my skool onthou;*
*steeds aan sy grootheid bou;*
*ek sal sy roem besing*
*en aan hom hulde bring.*

Die woorde van die skoollied is geskryf deur dr. Jan Pienaar en die musiek is gekomponeer deur Steven H Eyssen.

# GESKIEDENIS

Hoërskool Stoffberg is 'n Afrikaansmedium sekondêre skool onder beheer van die Gauteng Departement van Onderwys.

Hoërskool Stoffberg het ontstaan op Dinsdag, 15 Oktober 1946, toe ons as Stoffberg Junior Hoërskool van Laerskool Kommando afgestig het met 'n leerdertal van 195.

Op 31 Januarie 1947 is die nuwe skoolgebou deur die administrateur van Transvaal, genl. JJ Pienaar, ingewy. As gevolg van die groeiende getalle het standerd 6-leerders en hulle onderwysers van die verskeie laerskole President Brand, Brakpan-Oos, Rand Collieries en Withok in 1947 by Stoffberg Junior Hoërskool ingeskakel en sodoende groei die leerdertal tot 401.

Eers in Januarie 1951 word volwaardige hoërskoolstatus aan Stoffberg toegeken.

As gevolg van verdere groeiende getalle in 1952 is die standerd 6-, 7- en 8-dogters oorgeplaas na die nuwe meisieskool in die dorp.

In 1954 is Mnr G W Mollett aangestel as die hoof van Hoër Seunskool Stoffberg.

Samesmelting vind in 1976 plaas tussen die Hoër Seunskool Stoffberg en die Brakpanse Hoër Handelskool.

**HOOFDE**

| | |
|---|---|
| Mnr J H Meyer | 1946 - 1947 |
| Mnr G D S van Heerden | 1948 – 1953 |
| Mnr G W Mollett | 1954 – 1961 |
| Mnr C P Botha | 1962 – 1972 |
| Mnr H J H Rheeder | 1973 - 1976 |
| Mnr C P Wright | 1977 – 1980 |
| Mnr P J Aucamp | 1981 – 1993 |
| Mnr J N Boshoff | 1994 – 2020 |
| Mnr P J de Bruin | Huidige hoof |

# SKOOLWAPEN

Hoërskool Stoffberg moes na die amalgamasie van 1976 nuwe skooldrag, 'n skoolwapen en 'n leuse kry. Die skoolwapen is deur Me C Terblanche (personeellid) ontwerp ter voorgestel deur Mnr P Viljoen (personeellid), "VAN KRAG TOT KRAG" aanvaar is.

Hierdie wapen weerspieël die amalgamasie. Die rat (vooruitgang en ontwikkeling) is behou uit die wapen van die Hoër Handelskool, en die ketting (eenheid en sterkte) is afkomstig uit dié van die Hoër Seunskool Stoffberg. Die sentrale gedeelte simboliseer ook die samevoeging van die twee skole: die kruis - samevoeging; die sirkel – eenheid.

In die geheel gesien, ondersteun die wapen die leuse "VAN KRAG TOT KRAG".

# ONS SPOGSKOOL

**GEBOUE EN TERREINE**

**Akademiese skoolterrein**

- Twee groot sale
- Drie rekenaarsentrums
- ‘n Drama-lokaal
- Drie laboratoriums
- Twee IGO-sentrums
- Twee Verbruikerstudie-lokale
- ‘n Kunsateljee
- Agt en twintig klasse
- Kantoorblok
- Sluitkassies

**Sportterrein**

- ‘n Gimnasium
- Vier hokkievelde
- Vier rugbyvelde
- Ses netbalbane
- Twee krieketvelde met krieketnette
- Atletiekpunte
- ‘n Skietlokaal
- ‘n Binneshuise hokkie- en netbalbaan
- Twee klubhuise
- Aantrekkamers vir die eerstespanne
- Groot pawiljoen wat sorg vir hope gees.

# SKOOLDRAG

Hoërskool Stoffberg se skooldrag simboliseer jare se geskiedenis. Leerders moet trots wees om dit te dra.

Seuns en dogters moet altyd met waardigheid hulle skoolklere dra, binne en buite die skool.

Hierdie skooldrag mag onder geen omstandighede aan persone wat nie leerders van die skool is, geleen, oorgedra of verkoop word nie.

Die dra van die kleurbaadjie is nie verpligtend nie.

**Dogters – Somer**

- Groen en wit geruite rokkie (4cm bokant die knie).
- Wit skoolkouse (kous kom tot in die middel van die kuit).
- Bottelgroen/swart atletiekbroek onder die romp mag gedra word.
- Bottelgroen skooltrui met geel strepe om die hals en op die onderste rifband (lang- of kortmou).
- Wit, kortmouhemp gedra saam met ‘n skooldas
- Swart skoolskoene.

**Seuns – Somer**

- Grys, lang- of kortbroek.
- Wit, kortmouhemp gedra saam met ‘n skooldas.
- Bottelgroen skooltrui met geel strepe om hals en op onderste rifband (lang- of kortmou).
- Gordel moet swart, bruin of grys wees.
- Grys, lang skoolkouse.
- Swart skoolskoene.



**Dogters – Winter**

- Bottelgroen skooltrui met geel strepe om die hals en op onderste rifband.
- Groen en wit geruite rokkie (4cm bokant die knie) gedra saam met lang swart sykouse en swart skoolskoene.
- Wit langmouhemp gedra saam met ‘n skooldas.

**Seuns – Winter**

- Grys, lang- of kortbroek.
- Wit, lang- of kortmouhemp gedra saam met skooldas.
- Bottelgroen skooltrui met geel strepe om die hals en op die onderste rifband (lang of kortmou).
- Gordel moet swart, bruin of grys wees.
- Grys, lang skoolkouse.
- Swart skoolskoene.



**Matriekdogters – Somer**

- Wit hemp (kortmou) gedra saam met 'n matriekskooldas.
- Groen en wit geruite rokkie (4cm bokant die knie).
- Bottelgroen/swart atletiekbroek onder die romp mag gedra word.
- Wit Matriekoortrektrui.
- Sykouse (slegs "beach bronze").
- Hofskoene (slegs swart, mat).

**Matriekseuns – Somer**

- Grys, lang- of kort skoolbroek.
- Wit, kortmouhemp gedra saam met 'n matriekskooldas.
- Matriekoortrektrui met ritssluiter.
- Gordel moet swart, bruin of grys wees.
- Grys, lang skoolkouse.
- Swart skoolskoene.



**Matriekdogters – Winter**

- Groen en wit geruite rokkie (4cm bokant die knie) gedra saam met lang sykouse "beach bronze".
- Wit langmouhemp gedra saam met 'n matriekskooldas.
- Hofskoene (slegs, swart en mat.
- Matriekoortrektrui met ritssluiter.
- Matriekbaadjie met ritssluiter.
- Sykouse (slegs "beach bronze").

**Matriekseuns – Winter**

- Grys, lang- of kortbroek.
- Wit, lang- of kortmouhemp gedra saam met matriekskooldas.
- Matriekoortrektrui met ritssluiter.
- Matriekbaadjie met ritssluiter.
- Gordel moet swart, bruin of grys wees.
- Grys, lang skoolkouse.



**Verskaffers**

**Adno's**
Voortrekkerstr 554,
Brakpan
Tel: 011 740 9123/4
081 534 4736

**Brakpan Uniforms**
Voortrekkerstr 754A,
Brakpan
Tel: 011 042 9912
078 889 6327

**Vozz Co**
21 Seventh Ave
Springs
Tel: 061 517 7820

# SKOOLREËLS

**ALGEMENE VOORKOMS**

**Dogters**

Grimering saam met skooldrag is verbode. Dit sluit onderlaag en maskara in. Naels moet kort en skoon wees en slegs deurskynende naellak is toelaatbaar. Die enigste juwele wat toegelaat word, is 'n polshorlosie, 'n seëlring of dun pand wat aan die ringvinger of middelvinger gedra mag word en een paar oorkrabbertjies (knopietipe of ringetjie) wat in die onderste gaatjies gedra moet word. Die inskiet van ander gaatjies moet vir 'n vakansie gereserveer word. Haarstyle moet by 'n skooldogter pas, met ander woorde die hare moet skoon en netjies wees en nie in die oë hang nie. Hare mag geen drastiese veranderinge van normale haarkleur gekleur word nie. Die haarbenodigdhede se kleure is groen, wit, geel, donkerblou ("navy") en swart. Bogenoemde reëls geld vir enige ander aktiwiteit waaraan daar deelgeneem word as verteenwoordiger van die skool.

**Seuns**

Hare moet netjies en kort gesny wees. Die hare mag nie agter die ore omkrul nie, nie aan die ore raak nie en ook nie agter aan die kraag van die baadjie/hemp raak as dit reguit afgekam word nie. Die kuifhare mag nie laer as die boonste gedeelte van die wenkbroue strek as die kuif vorentoe gekam word nie. Die bakkebaard mag nie laer strek as die onderste gedeelte van die gaatjie van die oor nie. Seuns moet altyd skoon geskeer wees (geen snor of baard nie). Hare mag nie gekleur word nie. Geen kleursjampoe, kleurmousse, tinte, permanente kleur of sonstrepe sal geduld word nie. Slegs 'n polshorlosie mag gedra word.

**Dogters en seuns**

Sigbare tatoeëermerke moet toegeplak word.

Die voorkoms van ons leerders word in 'n baie ernstige lig beskou. Indien 'n leerder se voorkoms nie na wense is nie word hy/sy gewaarsku. Indien dit nog nie reggestel is nie word die betrokke leerder huis toe gestuur.

**SKOOLBESOEK**

*Siekte:* Indien leerders werklik siek is, moet die leerder tuis bly. Leerders wat by die skool siek word, moet hulle toestand onder die graadvoog se aandag bring. Reëlings om u kind te kom haal a.g.v. siekte word deur die kantoorpersoneel getref.

*Afwesigheidsbriewe*: Indien 'n leerder afwesig was, moet daar 'n aanvaarbare, skriftelike verskoning van die ouer by die graadvoog ingedien word wanneer die leerder terug is. Waar leerders drie of meer opeenvolgende dae afwesig is, word 'n mediese doktersertifikaat verlang. 'n Mediese doktersertifikaat word ook verlang vir enige afwesigheid gedurende 'n eksamen of afwesigheid tydens 'n toets.

*Skoolure*: Die skool begin soggens om 07:35 en die skooldag duur tot 14:00. Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder toestemming nie.

*Afsprake*: Afsprake by dokters of tandartse moet verkieslik nie gedurende die skooldag plaasvind nie.

**TASSE**

Om handboeke te beskerm, moet tasse/ rugsakke met versterkte binne- en buitekante gebruik word.

**HANDBOEKE**

Dit is en bly die eiendom van die skool en word op 'n leenbasis aan leerders verskaf. Leerders is aanspreeklik vir alle handboeke aan hulle uitgereik en hulle moet verlore en vernielde boeke vervang. Alle gelde ten opsigte van vernielde en verlore handboeke is betaalbaar in die finansiële kantoor.

**SELFONE EN ANDER WAARDEVOLLE ITEMS**

Leerders word aangeraai om nie waardevolle items skool toe te bring en dit dan in tasse of baadjiesakke te los nie. Selfone word op eie risiko skool toe gebring en moet af wees tydens skoolure.

**KOMMENTAAR OP SOSIALE MEDIA**

Enige kommentaar of optrede op enige sosiale netwerk waar die skool se goeie naam skade berokken word, word in 'n baie ernstige lig beskou.

# AKADEMIESE INLIGTING

**GRAAD 8 EN 9**

Die volgende leerareas is verpligtend in Graad 8 en 9:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensoriëntering
- Natuurwetenskappe
- Ekonomiese- en bestuurswetenskappe
- Sosiale wetenskappe
- Skeppende kunste
- Tegnologie

**GRAAD 10-12**

VIER VERPLIGTE vakke

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde óf Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering

ENIGE DRIE KEUSEVAKKE uit die lys van vakke wat aangebied word:

**Studievelde**

FISIESE-, LEWENS- EN REKENAARWETENSKAPPE

Vakke: Lewenswetenskap (Biologie)
Fisiese Wetenskap
(Natuur- en Skeikunde)
Rekenaartoepassingstegnologie
Inligtingstegnologie

EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE

Vakke: Rekeningkunde
Besigheidstudie (Bedryfsekonomie)
Ekonomie

DIENSTE

Vakke: Verbruikerstudie
Toerisme

INGENIEURS EN TEGNOLOGIE

Vakke: Ingenieursgrafika en –ontwerp

KUNSTE

Vakke: Visuele Kuns
Dramatiese Kunste
(Addisionele vak)

Alpha Wiskunde

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE

**KULTURELE AKTIWITEITE**

@Faith
Junior- en Senior Redenaars
Drama
Junior- en Senior "Public Speaking"
Kunswedstryd
Produksie (Revue)
Sanggroep
Skaak
Dirigente
Cheerleading

**SPORT**

Atletiek
Netbal
Rugby
Hokkie
Gholf
Krieket
Padel
Landloop
Skyfskiet
Staptoer

* Sport- en kulturele aktiwiteite wat nie as skoolaktiwiteite aangebied word nie en waarin 'n leerder uitsonderlike prestasies behaal het, word wel op meriete-aande erken.

**SKOOLFUNKSIES**
Mnr. en Mej. Stoffie
Matriekafskeid
Verbruikersdinee
Entrepreneursdag
Damesaand
Manne-aand
Gholfdag
Meriete-aande

**GRAAD 8-AKTIWITEITE**
Graad 8-avontuurdae
10-dae-oriënteringsprogram
Verwelkomingskonsert
Inhuldigingseremonie

# ONDERRIGGELD

Dit word jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal en op 'n ouervergadering in November goedgekeur.

Skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand van Januarie tot November. Die volle bedrag moet voor 31 Desember ten volle vereffen wees. Magtiging vir debietorders en elektroniese inbetalings moet jaarliks hernu word.

Handboeke word gratis aan leerlinge geleen. Daar is 'n sentrumfonds vir sekere vakke wat addisioneel betaal moet word.

# AANSOEK OM TOELATING

Om u kind vir graad 8 by Hoërskool Stoffberg in te skryf, moet die volgende stappe gevolg word:

- Besoek die webbladsy by: www.gdeadmissions.gov.za
- Registreer uself as 'n ouer. Maak 'n nota van u aantekenbesonderhede aangesien u weer op 'n latere stadium moet inteken op die GDO se aanlynplatform.
- Voltooi die inligting in detail aangesien geen regstellings moontlik is nadat u die aansoek ingedien het nie.
- Maak seker dat u die korrekte adres insleutel volgens "Google Maps".
- Registreer u kind.
- As u reeds 'n kind by ons in die skool het, moet die betrokke leerder se inligting ook ingesleutel word.
- Kies die skool waarby u aansoek wil doen.
- U kan aansoek doen volgens:
  u huisadres, u werksadres, u kind se vorige laerskool of indien u reeds 'n kind by ons in die skool het.
- U sal 'n bewys van registrasie ontvang met die nodige waglysnommer.

Indien u onseker is hoe om bogenoemde registrasie te voltooi, is u meer as welkom om 'n afspraak met Me Sonja Uys te maak by inligting@stoffberg.co.za of by 011 740 0210 om u met hierdie proses te help.


**DOKUMENTE WAT INGEHANDIG MOET WORD**

Die volgende dokumentasie moet by die skool ingehandig word om die registrasie te finaliseer:

- Aansoekvorm wat in hierdie prospektus ingesluit is (HS32).
- Geboortesertifikaat – indien moontlik die onverkorte ("unabridged").
- Bewys van adres van ouers.
- Indien werksadres gebruik word, móét daar 'n verklaring van u werkgewer ingedien word.
- Gr. 7: 1ste en 2de kwartaalrapport.
- Afskrifte van beide ouers se ID.

**Alle dokumente moet gesertifiseer wees.**

# ATLETIEK



Atletiek is die heel eerste sportsoort waarby leerders jaarliks betrokke kan raak. Hardloop (kort- én langafstande), hekkies, verspring, driesprong, hoogspring, gewigstoot, diskus en spiesgooi is die items waaraan leerders kan deelneem. By Hoërskool Stoffberg oefen ons altyd hard en gee ons nooit moed op nie. Ons bekwame afrigters maak seker dat ons leerders die korrekte tegnieke bemeester asook genoeg oefen. Op hierdie manier word hulle die geleentheid gebied om aan verskeie byeenkomste deel te neem sodat hulle toegerus kan word vir die jaarlikse Interhoër. By Hoërskool Stoffberg is dit ons doel om die beste atlete te ontwikkel. Ons moedig ook leerders, wat nie aan atletiek deelneem nie, aan om as toeskouers gees te vang en so 'n bydrae te lewer om van die atletiekseisoen 'n sukses te maak. Stoffberg se atlete bereik elke jaar nuwe hoogtes en by die Interhoër ontvang hulle erkenning vir hulle toegewydheid in hulle onderskeie items in die vorm van medaljes en trofees. Landloop vind later in die jaar plaas. Ons atlete is altyd topfiks en hardloop dat die stof so staan.

# RUGBY

Elke seun droom van sy groot oomblik...die oomblik waar hy in een van die hoërskool se rugbyspanne kan speel.  Van 'n jong ouderdom af kyk seuns hoe die  Springbokke speel en hy droom om een van hulle te wees. By Stoffberg droom ons saam met jou en ons bied jou die geleentheid om deel te wees van die Valke-liga (Noordvaal). Hier word elke jong speler ontwikkel om op die rugbyveld die beste weergawe van homself te wees. Ons ontwikkel elke seun sodat hy sy merk kan maak as 'n erkende rugbyspeler. Deur rugby by Hoërskool Stoffberg te speel, word die seuns waardevolle eienskappe geleer soos byvoorbeeld leierskap, respek, spanwerk, kommunikasie, ens. Dus is rugby by ons nie net 'n sport nie, maar dit is 'n  lewensles. Word deel van Stoffberg-rugby en word jou eie Springbok op en van die veld af.



# NETBAL



Netbal is die ideale spansport vir enige dogter. Nie net kry hulle 'n geleentheid om hulle fikshied of vaardighede te verbeter nie, maar word ook blootgestel aan die uitdagings van die lewe, naamlik deursettingsvermoë, uithouvermoë, teleurstelling, toegewydheid en die lekkerste deel van alles... sosialisering. Alhoewel ons in die eerste kwartaal al begin om netbal te oefen, is netbal 'n wintersport wat in die tweede kwartaal gespeel word. Ons streef daarna om alle spanne blootstelling te gee aan wedstryde en om ten alle tye goeie sportmangees te handaaf. Belangriker as al die doele wat ons aanteken, is om elke dogter die geleenthied te bied om die nodige liggaams- en lewensvaardighede te ontwikkel sodat sy haar volle potensiaal kan bereik en met trots tot voordeel van haarself, haar span en skool kan presteer. Ons netbalspanne neem ook deel aan die Ekurhuleni-liga.

# HOKKIE DOGTERS

By Hoërskool Stoffberg word hokkie as een van die gunsteling sportsoorte beskou. Ons bied die geleentheid vir elke meisie om hoë hoogtes te bereik saam met toegewyde en bekwame afrigters. Ons hokkie neem jaarliks deel aan die Easterns-hokkieliga. In ons hokkie- geskiedenis het ons al die voorreg gehad om 'n paar provinsiale spelers op te lewer. By Stoffberg se hokkie rus ons jou nie net toe met lewenslange vaardighede nie, maar ook lewenslange vriendskappe. Jy kry ook die geleentheid om jou hoërskoolskatkis te vul met wonderlike herinneringe van toere en geesvang. Buiten  bogenoemde bied ons leerders verder ook die geleentheid om sportklinieke by te woon wat hulle toerus met die beste moontlike uitkoms in 'n spesifieke sport. Kom deel in die pret van Hoërskool Stoffberg se hokkiefamilie. Ons is werklik die beste keuse vir jou.



# HOKKIE SEUNS



Ons seuns hokkiespan is ’n span van passievolle, toegewyde en hardwerkende spelers wat trots is om hul skool op die veld te verteenwoordig. Die span bestaan uit spelers van verskillende ouderdomme wat mekaar ondersteun en saamwerk om hul volle potensiaal te bereik. Onder leiding van ervare afrigters word daar gefokus op vaardigheidsontwikkeling, spanwerk en sportmangees.

Die seuns hokkiespan is ’n trotse deel van ons sportgemeenskap en ons sien uit na nóg ’n seisoen vol groei, oorwinnings en goeie herinneringe.

# PADEL



Ons hoërskool se padelprogram groei vinnig en bestaan uit entoesiastiese en toegewyde spelers. Onder bekwame afrigting ontwikkel leerders hul tegniek, spelinsig en fiksheid in hierdie dinamiese en opwindende sport.

Padel bevorder spanwerk, vinnige denke en goeie kommunikasie op die baan. Ons spelers leer die waarde van respek, deursettingsvermoë en sportmangees, terwyl hulle voortdurend streef na verbetering.



# GHOLF

Ons gholfspan bied leerders die geleentheid om hul vaardighede in ’n mededingende maar ondersteunende omgewing te slyp. Deelnemers neem deel aan liga-wedstryde en toernooie, waar fokus, tegniek en selfdissipline belangrik is. Die span bevorder individuele groei terwyl dit steeds spanwaardes en sportmangees versterk.

# KRIEKET SEUNS

Ons seuns krieketspan is 'n passievolle en gedissiplineerde groep jong spelers wat met trots hul skool op die veld verteenwoordig. Die span bestaan uit leerders van verskillende grade wat saamwerk met 'n gedeelde doel: om as individue én as span te groei. Onder leiding van ervare afrigters word daar gefokus op tegniese vaardighede, taktiese insig en fisiese fiksheid, sowel as sportmangees en karakterbou.

Krieket by ons skool is nie net 'n sport nie, maar 'n geleentheid vir persoonlike ontwikkeling en trots.





# KRIEKET DOGTERS

Ons dogters krieketspan is 'n groeiende span vol entoesiasme, talent en deursettingsvermoë. Die spelers wys dat krieket nie net vir seuns is nie, en neem met trots deel aan liga-wedstryde en toernooie. Met fokus op vaardigheidsontwikkeling, spanwerk en selfvertroue, groei elke speler met elke wedstryd. Die span beliggaam sportmangees, trots en die krag van samewerking.

# HENGEL

Ons hoërskool se hengelspan bestaan uit leerders met 'n liefde vir die buitelewe en die kuns van hengel. Die span neem deel aan plaaslike en interskole-kompetisies, waar geduld, tegniek en natuurkennis belangrik is. Hengel leer ons leerders waardevolle lewenslesse soos volharding, respek vir die omgewing en gesonde mededinging.



# SKYFSKIET

Hoërskool Stoffberg bied skyfskiet vir alle leerders aan wat nie net hul skietvernuf op die proef wil stel nie, maar ook die wêreld van skiet as ‘n sport wil ontdek. Skuts neem deel aan die SANSSU (“South African National School Shooters Union”) 10-meter staan en die 3P- (staan, kniel en lê) luggeweerdissiplines.In 2024 het Stoffberg vier SA-skuts opgelewer. Hier leer die skuts nie net bankvaspostuur, geoutomatiseerde snellertrek en toegewyde fokus nie, maar ook veiligheidsmaatreëls, selfdissipline en uithouvermoë. Kom word deel van ons interaktiewe span waar ons saam streef om te skiet na die sterre. Hier is hope ervaring wat die rondte doen!



“Jy mis 100% van die skote wat jy nie afvuur nie.”

# STAPTOER



In 1994 is die stapklub, genaamd "Stofftrappers", gestig. Sedertdien het die klub geweldig gegroei en pak ons elke jaar gedurende die September-vakansie ons rugsakke en pak een van die pragtige staproetes in ons mooi land aan. Die roetes wissel van 3 tot 6 dae en sluit onder andere staproetes van 5 verskillende roetes in die Kaap tot in die Laeveld in. Slegs ‘n beperkte aantal leerders kan elke jaar stap. Gewoonlik gryp kinders vinnig die geleentheid aan om deel van die Stofftrappers te word. Kinders ervaar die natuur en buitelewe van naby en kom terug met baie kampvuurstories. Tydens so ‘n avontuur leer ons onsself en mekaar beter ken. Ons swem in riviere, swaai aan boomtakke en spring in yskoue poele van rotse af. Om ‘n Stofftrapper by Hoërskool Stoffberg te wees, is ‘n fantastiese voorreg. Ons kan elke jaar nie wag vir die volgende belewenis van 'n staptoer nie!

# SKAAK




By Hoërskool Stoffberg besef ons dat skaak ‘n kind se konsentrasie, geduld en uithouvermoë verbeter. Kinders leer om te fokus. Dit bou vriendskappe en ook spangees, veral as ons teen ander skole meeding. By Stoffberg besef ons die waarde van skaak en weet dat dit as ‘n brug dien tussen kinders van alle ouderdomme by seuns sowel as dogters.

# GIMNASIUM

Wat maak "BLAK Fitness Circle" so uniek? Waarom staan die gimnasium uit bo die res? Wel, die antwoord is eenvoudig: dit vorm alles deel waarvoor ons Stoffies staan en word deur 'n oud-Stoffie bestuur. Ons gymnasium is ’n moderne en goed toegeruste fasiliteit wat leerders aanmoedig om aktief en gesond te leef. Dit bied ’n veilige ruimte vir fiksheidsoefeninge, kragopleiding en sportspesifieke ontwikkeling. Onder toesig van opgeleide personeel bevorder die gymnasium nie net fisiese gesondheid nie, maar ook selfdissipline en welstand.

‘n Fikse brein is ‘n slim brein en by Stoffberg kan enige leerder onder toesig van bekwame afrigters op die regte manier oefen.



# KULTUUR



By Hoërskool Stoffberg is kultuur soos asemhaal. Ons praat in lirieke, droom in dialoog, loop op maat van 5, 6, 7, 8 en bid in kleur. Hier gaan jy jou stem laat hoor. Ons sterre skitter in die Produksiespan, toneeloptredes, kunswedstryde, redenaars- en "public speaking"-kompetisies asook uitvoerende kunste-kampioenskappe. Ons skitter plaaslik, landswyd en oorsee. Ons kroon ook jaarliks ons eie Mnr. en Mej. Stoffie. Stoffberg se vele kulturele aspekte is iets waarna elke individu uitsien en deel van wil wees omdat daar soveel verskillende geleenthede aangebied word. Kultuur is ons superkrag en hier gaan ons van krag tot krag. Sing, speel, dans, herhaal!

# CHEERLEADERS

En 5, 6, 7, 8 lippies aan, glimlag groot, strikkies hoog, pom-poms bymekaar en swaai daai lyfie. Dit is die hoendervleis wat jy kry as 'n groep van 800 leerders vir ons cheerleaders kyk en elke danser bewonder.

Hier by Hoërskool Stoffberg trek ons cheerleaders die aandag en hou die skool se gees hoog. As jy nog nie gehoor het nie... almal wil 'n cheerleader wees. Ooit gewonder waarom? Dit is soveel meer as

Die cheerleaders vorm 'n familie, ondersteun mekaar, doen graag prettige aktiwiteite saam en bou tonne herinneringe. Stoffie-cheerleaders kry toeskouers vinnig op hulle voete met hulle energieke dansformasies en lekker liedjies.

In 2021 het ons cheerleaders by die Dell’Arte Kunstefees ‘n puik prestasie van 95% behaal. Die cheerleaders tree jaarliks op by Muriel Brand se motorskou, Felicitas se kermis, ons eie Graad 9-entrepeneursdag asook ons sportbyeenkomste.

Hierdie pragtige dogters wil net dans en hulle Stoffie-gees met almal deel.



# @FAITH




Ons is krygers vir Christus. By Hoërskool Stoffberg maak ons Jesus se Naam groot. Elke Dinsdag het die Here 'n afspraak met jou wanneer ons saam Jesus se Naam loof en prys en mekaar ondersteun in gebed. Ons doen alles met die leiding van die Heilige Gees en daarom is @Faith die plek vir jou. Ons hou weekliks kompetisies met die beste belonings. Ons kompetisies sluit kleuruitdagings, raaiseluitdagings, dans asook blokraaiseluitdagings in. Jy kan op verskeie terreine 'n ambassadeur vir Christus wees. Ons het jaarlikse fliekaande gelei deur lofprysing en pret.

# GRAAD 8- ORIËNTERING

Jou hart klop baie vinnig. Jy kon die vorige aand nie slaap nie. Jy is bekommerd om by 'n nuwe skool te begin as 'n graad 8-leerder. Jy hou voor die grootskool stil en besef dat laerskool eintlik baie klein was. Jy word uiteindelik by die hoofhek deur die Dissiplinêre Komitee ontvang en besef sommer baie gou dat dit nie so erg is soos wat jy gedink het dit sou wees nie. Om 'n graad 8-leerder van Hoërskool Stoffberg te wees, is opwindend. Ons graad 8's het hope pret.




Ons sien jaarliks uit na die 10-dae-oriënteringsprogram waar jy as 'n Stoffie ingeburger word deur jou graad 8-naam te leer, die skool te leer groet en 'n lawwe dansie te doen wat jy vir altyd sal onthou en later oor sal lag. Gedurende hierdie tydperk maak jy lewenslange vriende en besef jy dat hoërskool werklik van die lekkerste tye in jou lewe sal wees.

Die graad 8's en die Dissiplinêre Komitee werk elke jaar baie hard sodat die verwelkomingskonsert 'n reusesukses  sal wees. Elkeen kry die geleentheid om op ons uniek ontwerpte verhoog op te tree. Daarna word elkeen ingehuldig tot 'n volwaardige Stoffie.

Ons sien daarna uit om jou volgende jaar te verwelkom!

# DISSIPLINÊRE KOMITEE EN JUNIOR RAAD

## HOOFLEIERS

Höerskool Stoffberg se hoofleiers bestaan uit 'n gedugte span van vier. Die Hoofseun en Hoofdogter staan aan die stuur van hierdie span saam met een Onderhoofseun en een Onderhoofdogter. Die portefeuljes wat tussen hierdie span verdeel word, sluit in: Akademie, Sport, Kultuur, Sosiaal en Lewensverryking. Die hoofleiers word die ambassadeurs van Höerskool Stoffberg wat help bou aan die sewe pilare van die skool. Die hooftaak van ons skool se hoofleiers is egter om 'n diens te lewer aan hulle medeleerders, om 'n veilige en geborge atmosfeer te skep sodat elke Stoffie gelukkig kan wees. Ons kies min hoofleiers, want 'n land kies immers slegs een president.

## DISSIPLINÊRE KOMITEE EN JUNIOR RAAD

Höerskool Stoffberg kweek leiers vir die toekoms. Die leerders van Höerskool Stoffberg kry van graad 9 af die geleentheid om hul leierseienskappe te ontwikkel en sodoende word die leerders ook voorberei vir die moontlikheid om deel te vorm van die skool se Dissiplinêre Komitee in matriek. Höerskool Stoffberg se leierstruktuur bestaan uit die Junior Raad en Dissiplinêre Komitee. Die Junior Raad word gekies uit leerders van graad 9 tot 11 wat dan die voorreg het om saam met die hoofleiers en DK-lede te werk om die portefeuljes vlot te bestuur. Die Dissiplinêre Komitee word verkies uit die skool se matriekleerlinge en die doelstelling van die DK is om 'n positiewe bydrae tot die skool se handhawing van orde en dissipline te lewer asook om op te tree as die skakel tussen die leerders en personeel. Die leiers van Höerskool Stoffberg is die skeppers van die skool se Stoffie-gees.





# DEPARTEMENT TALE

Die sleutel tot die lewe is ‘n eenvoudige woord: kommunikasie. Waar anders as by die Taledepartement word leerders toegerus met hierdie sleutel? Hier word leerders effektief geleer en gemotiveer om te kommunikeer. By Hoërskool Stoffberg sal leerders nie net hulle kommunikasievaardighede verbeter nie, maar ook die kans kry om deur wêreldgehalte onderwysers ‘n liefde vir die taal te ontwikkel. As ‘n Afrikaans-mediumskool word leerders die kans gegun om in hul moedertaal onderrig te ontvang, maar ook om die taal breedvoerig te bestudeer.

Learners also have the chance to master the “Queen's Language.” English is taught as a First Additional Language – however don’t be mistaken, by the time our learners finish grade 12, they will be eloquent enough to have tea with the Queen!
Om ‘n taal te bemeester,
maak die deure van die wêreld oop, daarom is ons fokus om die sleutel van kommunikasie in ons leerders se hande te plaas.





# DEPARTEMENT WISKUNDE



By Stoffberg klop elke leerder se hart in logaritmes van krag waarvan die eksponente uit aksiomatiese stelsels bestaan. Wiskunde is tegelykertyd ‘n uitdagende vak en ‘n moeilike vak om te neem. Jy moet bereid wees om hard te werk, baie oefeninge te doen en deursettingsvermoë te hê om aan te hou probeer totdat jy die konsep verstaan. Die genot wat jy ervaar wanneer jy die konsep verstaan, is ‘n baie opwindende gevoel – jy het gewen! In wiskunde leer jy ook baie belangrike vaardighede aan soos om met insig te lees, analities te dink en die toepassing van kennis – alles wat nodig is vir enige beroepsrigting. Die basiese beginsels en wette van wiskunde help ons om die wêreld om ons te beskryf en te verstaan. In werklikheid is wiskunde nie net die taal van die heelal nie, maar ook ‘n universele taal.

Is jy ambisieus, hardwerkend, avontuurlustig? Het jy dryfkrag? Hou jy daarvan om dinge te ondersoek en probleme op kreatiewe maniere op te los? Dan is die wetenskappe die regte rigting vir jou. Die wetenskappe stel leerders in staat om die geheimenisse van die heelal te verken, nuwe tegnieke en tegnologie te ontwikkel en om globale probleme soos die energiekrisis te help oplos. Of dit nou aan die fisiese kant of aan die lewenskant van die spektrum is, die wetenskappe kan 'n leerder leer ontwikkel in 'n persoon wat nie terugdeins vir enige uitdaging nie omdat dit jou leer om logies te dink en enige probleem stap vir stap suksesvol op te los. Wetenskap leer jou nie net die fynere werking van tegnologie (Fisiese Wetenskap) en die binnewerkinge van plante en diere (Lewenswetenskap) nie, maar dit leer jou om nuuskierig en ondersoekend te wees en om nie terug te staan vir enige uitdagings nie. Hierdie uitdagings is vaardighede wat hoogs in aanvraag is in deesdae se kompeterende arbeidsmark.

# DEPARTEMENT WETENSKAP




# DEPARTEMENT EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE



Rekeningkunde is die spreekwoordelike kompas van die skip, of dan nou die besigheid. Sonder behoorlike boekstawing van transaksies en die opstel van finansiële state stuur die "skip" in die donker en loop die besigheid gevaar om op die rotse te loop. Rekeningkunde stel bestuur in staat om deurlopend te bepaal of doelwitte soos verkope en wins wel bereik word. Dit stel die besigheid ook in staat om betyds te sien indien doelwitte nie bereik word nie. Dit kan onder meer noodsaak dat die produkreeks aangepas word, pryse hersien word, meer bemarking gedoen word, beter voorraadbeheer toegepas word of kwaliteitbeheer opgeskerp word. Indien die aanpassings suksesvol is, stel dit die besigheid in staat om groter dividende aan aandeelhouers te lewer of, in die geval van 'n kleiner besigheid, om wins te optimaliseer. Selfs in geval waar die skip op die rotse geloop het, kan die finansiële state van groot waarde wees om te bepaal hoe die besigheid weer winsgewend gemaak kan word of nodige inligting gee aan potensiële kopers van die besigheid. Ekonomiese- en bestuurswetenskappe gaan oor nog meer. Meer en meer studente gaan deesdae na 'n besigheidskool om te leer hoe om hul droombesigheid te begin. Om jou eie baas te wees, het verskeie voordele, maar om 'n suksesvolle entrepreneur te word, vereis kreatiwiteit, innovasie en sterk uitvoeringsvaardighede. Die neem van die vak Besigheidstudie sal jou entrepreneursvaardighede ontwikkel en jou help om jou idees te omskep in 'n suksesvolle besigheid. Ekonomie help om die invloed van ekonomiese gebeure op besighede en jou daaglikse lewe te verstaan en verskaf 'n groter begrip van internasionale gebeure.

# DEPARTEMENT VERBRUIKERSTUDIE

Verbruikerstudie is die grootste rede waarom leerders op die stoepe in die verkeerde rigting beweeg, want voor hulle hulself kan kry, staan hul in die verkeerde klas.

Leerders word deur hul neuse gelei na die onweerstaanbare reuke van knoffelbrode, herderspasteie, hoender-a-la-king, plaatkoekies, macaroni en kaas en nog vele meer lekkernye. Die verbruikersleerders is nog nie eens halfpad klaar met hul geregte nie dan wil onderwysers en ander leerders al kom proe aan die smullekker geregte.

Daar word punte toegeken vir die voorbereiding, werkswyse, finale produk asook die opdien van die gereg. Ons leerders is baie kreatief en geniet elke oomblik in die kombuis. Die heel eerste vraag wat 'n graad 10-leerder in die verbruikersklas vra, is "Wanneer begin ons kook, Juffrou?"

Ons spog ook in kwartaal 1 met die Verbruikersdinee waar die gashere en gasvrouens van hierdie vak hulle tafels dek en mooimaak. Daar is beoordelaars wat die tafels bepunt en die wenner/s ontvang 'n prys en die eer vir die mooiste gedekte tafel. Daar word lekker geëet en gedans by hierdie pragtige funksie.



# DEPARTEMENT KUNSTE

Elke kwartaal gons dit behoorlik op die stoepe wanneer die kunsleerders met hulle bronboeke en kunswerke rondloop. Die visuele uitbeeldings stel nooit teleur nie en almal is verstom oor die kwaliteit van die werke. Kuns bied alle leerders die geleentheid om hulle eie idees oor die lewe (sosiaal, polities, filosofies, moreel en subjektiewe idealisme) in 'n kunswerk vas te vang. Leerders moet ook die geskiedenis van kuns ken en daarom is kunsgeskiedenis 'n sinvolle en opvoedkundige deel van die vak.



Kuns is nie net vir uitgesoekte leerders nie, maar vir enige een wat 'n liefde vir die kunste het: van graad 8- tot graad 12-leerders.

Dramatiese Kunste is nie net 'n vak nie, dis 'n leefwyse. Kommunikasie en nabootsing is die mens se vernaamste intellektuele en emosionele gereedskap waarmee hulle inligting verkry, in verhouding tree, identifiseer, idees uitruil en selfs beheer. Sterk uitdrukkingsvermoë is noodsaaklik, nie net vir mense in die toneelwêreld nie, maar ook op alle lewensterreine.

# DEPARTEMENT INLIGTINGSTEGNOLOGIE EN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Soek jy daardie blaaskansieperiode van terugsit en geniet tussen al die uitputtende vakke op jou rooster? Dan het jy geen keuse as om 'n merkie agter RTT op jou vakkeuse-vorm te maak nie.



Rekenaarvaardigheid is seker die belangrikste vaardigheid om enige beroepsdeur vir jou oop te maak. Wie moet RTT neem? Almal. Selfs dié wat IT neem. Rekenaars is deel van jou alledaagse lewe én dis 'n vereiste vir elke beroep. Dis seker hoekom dit ook 'n vereiste in die eerste jaar van alle kursusse op universiteit is. Dis ook 'n vak waarmee jy direk na skool die arbeidsmark kan betree. Dit bemagtig jou, vul jou brein met fantastiese inligting soos om op hoogte te bly met die nuutste ontwikkelinge. Rekenaartoepassingstegnologie en Inligtingstegnologie sal jou in staat stel om bemarkbare vaardighede onder die knie te kry in 'n inligtingsbewuste wêreld. Dit bly sonder twyfel interessant.

Inligtingstegnologie is by uitstek die vak wat jou leer dink. Dit ontwikkel jou logiese vaardighede en abstrakte denke en jy leer om bruikbare rekenaarprogramme te skryf deur jou kreatiewe probleemoplossingsvaardighede in te span.

# DEPARTEMENT INGENEURSGRAFIKA EN ONTWERP, TEGNOLOGIE



Al ooit gewonder hoe die bloudruk van enige struktuur lyk? Hier by Stoffberg wys en leer ons jou. Leerders geniet die tegniese aspek van die vakke verskriklik baie.

In IGO begin ons met eenvoudige vorms om gewoond te raak aan die gebruik van jou tekengereedskap. Ons kyk ook na verskillende lyntipes en verskillende maniere om jou toerusting te hanteer. Elke jaar word die sketse meer ingewikkeld, maar dit word ook meer opwindend. Leerders raak baie opgewonde wanneer hulle 'n ingewikkelde skets onder die knie kry. Die leerders geniet ook die jaarlikse PAT wat voltooi moet word waar leerders hul eie verbeelding en kennis moet kan toepas.

# DEPARTEMENT TOERISME

Italië. China. Hong Kong. Dit klink dalk na plekke wat kilometers uit mekaar lê, maar in Toerisme is hulle almal in die palm van jou hand.



Hier leer jy van tale, kulture en snaakse strukture. Toerisme verbreed nie net jou kennis op vakgebied nie, maar dit maak die lewe vir jou oop met die ervaring wat jy opdoen tydens die opwindende uitstappies wat onderneem word en die samestelling van interessante take. Om nie te praat van die unieke daaglikse klasbesprekings wat jou in die voete van 'n toeris plaas nie.

In Toerisme leer jy hoe om 'n toeris te wees en een te hanteer. Dit gee jou die nodige kennis om veilig op te tree en jouself te beskerm in die wêreld daarbuite. Dit is 'n vaardigheid wat jou en jou ouers gerus sal stel. In Toerisme kan jy 'n reisagent, toergids, hotelbestuurder en nog baie ander kleurryke beroepe in die toerismewêreld beoefen - alles terwyl jy nog op die skoolbanke sit.

Dus, gryp jou rugsak en kom op 'n wêreldwye avontuur, want in Toerisme reis ons van Portugal tot Pofadder!

# DEPARTEMENT LEWENSORIËNTERING

Lewensoriëntering is 'n vak wat die boustene vir 'n suksesvolle toekoms is. By Stoffberg leer die bekwame en entoesiastiese onderwysers jou alles wat jy nodig het om 'n sukses van jou lewe te maak. Daar word in diepte gekyk na studierigtings wat by elke individu pas tot by studievaardighede wat nodig is vir verdere tersiêre opleiding. Konflikhantering word behandel sodat elkeen toegerus word met die nodige insig om dit te hanteer. Niks word by die vak agtergelaat nie en geen onderwerp is taboe nie. Een keer per kwartaal gaan ons graadgroepe almal veld toe om ons praktiese vaardighede te beproef. Hier speel ons krieket, dans ons en kyk ons na jou fiksheid en gesonde leefstyl. Lewensoriëntering is nie net nóg 'n vak nie, dit is die onderliggende hartklop van menswees.





Klankspan



Dirigente




Mnr en Mej Stoffie



Golden Boys